

### Op hartverloor se vlakke

Partykeer verloor mense hulle harte, terwyl hulle nog leef. Dan word hulle harteloos hard en wreed. Presies dit het gebeur met die berugte Russiese leier, Josef Stalin (1878-1953). Daar word vertel hoedat hy by sy eerste vrou, Ekaterina, se begrafnis in 1907 gesê het sy was die enigste persoon, wat sy hart sag gemaak het. Met haar dood het sy laaste gevoelens van medelye gesterf. Van toe af het hy verander in 'n hartelose leier wat ook miljoene van sy eie mense doodgemaak het. Wat 'n peperduur prys om te betaal vir hartverlies ... ek bedoel die verlies van 'n sagte hart!

Baie mense ly onder hartelose leiers, base, kollegas en familieledes. Orals in die publiek loop 'n mens jouself ook vas in hartelose mense. In verkeer gooi hulle allerlei lelike tekens vir jou as jy nie vinnig genoeg uit hulle pad kom met jou motor nie. In die ry by die bank of by die kruidenierswinkel swets of baklei hulle, as hulle te lank moet wag vir diens. Keer asseblief dat so iets jou oorkom - hartverlies, bedoel ek! Moenie jou hart verloor nie. Plaas dit elke dag in die Here se hand. Nog beter - vra dat God Sy geboorte altyd op jou hart sal skryf, soos wat Hy in Jeremia 31:33 beloof het. Dan sal jou hart nooit vol selfsug wees nie. Of vol donker gedagtes nie. Of vol bitterheid en onverdraagsaamheid nie. Want dit is presies wat gaan gebeur, as jy nie jou hart goed oppas nie.

Jy het vandag 'n groot keuse om te maak - 'n lewensbelangrike een. Dit is om jou hart nogmaals toe te vertrou aan die Here se goeie sorg. Hyself sal dit vol maak met liefde vir Hom en vir ander.

deur **Stephan Joubert**

### Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

### Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie  
Marinda Jordaan  
Ria Putter  
Maria Steyn  
Sampie Swart  
Oom Eberhard Carshagen  
Annika Kilian  
Louis Strauss  
Ina van der Merwe  
Petro Schneider  
Jaco Steenkamp  
Heleen J v Vuuren  
Lola Viljoen  
Jeanette Mostert  
Marius van Niekerk  
Cedric Wiegand

### Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Vertrou op  
die Here met  
jou hele hart  
en steun nie  
op jou eie  
insig nie.

### Gedagte vir die week

#### Spreuke 3:5

Vertrou op die HERE met  
jou hele hart – op jou eie  
insig moet jy nie  
staatmaak nie.



[Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer...](#)

**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**

**Rekno.: 0520580654**

**Takkode: 632005**